

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:6, 10 (26:6, 10)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehae / die rusdag aan sy diens gewy.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Gebed

Psalm 27:2, 3 (p. 126)

- 2 Al bou 'n leër om my heen sy walle / om my te vang, alreeds ten dood gewy;
al kom 'n oorlog met sy duisendtalle, / ek sal nie vrees; op God verlaat ek my.
Een ding, dit het ek allermees begeer: / om in u huis so lank ek leef, o HEER,
te woon, en daar in stilheid wag te hou, / te peins waar ek u lieflikheid aanskou.
- 3 In tyd van onspoed is U my bevryder; / U berg my in die skuilplek van u tent.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder, / U het my pad deur dieptes heen gewend.
Dus bring ek U my offers van geklank, / en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei, / wees my genadig tog en antwoord my!

Skriflesing: Hebreërs 4:1-16; Heidelbergse Kategismus, Sondag 38

Kernvers: Hebreërs 4:9-11; Eksodus 20:8-11

Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.

(Hebreërs 4:9-11 AFR53)

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

(Eksodus 20:8-11 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Tema: Die sabbatsrus wat die Here uit genade aan ons skenk

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens van rus en van Sondag as die rusdag praat, het ons mense van nature 'n heeltemal ander idee van rus as wat die Here van rus het. Mense verstaan dat rus beteken om niks te doen nie. Vir baie lank en vir baie mense het rus dan ook beteken dat jy op 'n Sondag 'n bietjie laat slaap – jy slaap later as ander dae – want jy is moeg. Vir sommige het hierdie rus dan ook oorgegaan tot leeglê die hele dag.

Vir 'n groot klomp ander mense beteken hierdie rus dat jy nie vir jou baas werk nie, maar dat jy nou vrye tyd het om te doen wat jy graag wil omdat jy van Maandag tot Saterdag nie daarvoor tyd gehad het nie. Hierdie mense rig dan die Sondag in as 'n dag van ontspanning op die manier wat hulle verkies. Party sal miskien 'n erediens bywoon. Ander verkies weer om iewers in die natuur tyd te bestee. En 'n groot klomp mense gebruik die dag om dingetjies in en om die huis te doen of selfs inkopies te gaan doen.

Maar wat bedoel die Here met rus? Broers, susters en kinders, ons hoor in die vierde gebod en in Hebreërs 4 dat God op die sewende dag van al sy werke gerus het. Wanneer die Here sê dat Hy op die sewende dag van al sy werke gerus het, het Hy gerus nie omdat Hy moeg was nie. Met alle respek gesê, die Here lê nie leeg nadat Hy ses dae lank geskep het nie. In Psalm 121 hoor ons dat die Here nie insluimer of slaap nie (Ps 121:4), want Hy word nie moeg nie en Hy raak nie afgemat nie (Jes 40:28).

Rus in die mond van die Here beteken nie leeglê en niks doen of vrye tyd om te doen waarvoor jy nie andersins tyd gehad het nie. *Rus* in die mond van die Here beteken dat Hy opgehou het met nuwe skeppende werke. Op die sewende dag en verder was God anders besig as op die eerste ses dae. Hy verlustig Hom in sy skepping. Hy regeer en onderhou sy hele skepping nog met sy eie hand. Toe die Jode teen Jesus uitgevaar het omdat Hy die kreupel man by die bad van Betesda op die sabbatdag genees het, het Hy juis vir hulle gesê:

My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook. (Johannes 5:17 AFR53)

Rus beteken dus in die mond van die Here *om anders besig te wees*. Maar hoe moet ons anders besig wees? Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons eers vra wat ons rus van ons wegneem. Eintlik het ons die antwoord op hierdie vraag al vanoggend gedeeltelik gehoor voordat ons nagmaal gevier het. Iemand wat deur die Heilige Gees sensitief gemaak is in sy gewete vir die wil van God raak onrustig in sy gemoed as hy iets gedoen het wat verkeerd is in die oë van die Here. Jou gewete pla jou dan. Dit is nie werk of selfs harde werk wat ons rus wegneem nie. Dit is die sonde wat ons rus versteur en maak dat ons in onrus verkeer.

Kyk net hoe leer die Here juis dit vir ons hier in Hebreërs 4. In sy groot genade het die Here sy volk uit die slawerny in Egipte verlos. Die Here het Israel nie verlos omdat hulle so

'n voorbeeldige klompie mense was nie. Hy het dit gedoen omdat Hy 'n verbond met Abraham gesluit het en toe al sy besluit bekend gemaak het dat Hy hulle uit Egipte sal verlos. Toe al het Hy gesê dat Hy Israel na Kanaän sal bring, want Hy het dit as erfdeel aan Abraham se nageslag toegesê.

Kyk nou hoe skryf die Heilige Gees oor Kanaän in ons hoofstuk. Kanaän was die rus waarheen die Here sy volk wou bring. Daar sou hulle rustig kon lewe om die Here te dien, want die slawerny van Egipte was dan vir goed verby. Maar Israel was hardkoppig en opstandig. In plaas daarvan dat hulle die evangelie – die goeie nuus – dat God die land aan hulle gee en die vyande voor hulle uit sal verdryf, geglo het, het hulle in opstand gekom teen Moses en Josua. Selfs nadat hulle al die baie wonders van die Here gesien het – hoe Hy hulle telkens voorsien het van kos en water – het hulle Hom nie geglo nie. Daarop het die Here in sy toorn 'n eed gesweer dat hulle in sy rus beslis nie sal ingaan nie. Nou weet ons al as die Here 'n eed sweer dan is daar geen twyfel aan wat Hy gaan doen nie. Die groot meerderheid van Israel – almal van twintig jaar en ouer – het in die woestyn omgekom. Hulle het nie in Kanaän gekom nie en hulle het nie die rus wat die Here vir hulle voorberei het gesmaak nie.

Maar nou merk die Heilige Gees op dat Josua wat uiteindelik na die veertig jaar se omswerwing in die woestyn nie rus aan die volk gegee het nie. Josua het inderdaad op bevel van die Here die volk in Kanaän ingelei. Hoekom sê die Heilige Gees dan dat hy nie rus aan hulle gegee het nie? Die voor die hand liggende rede hoekom Josua nie rus aan die volk gegee het nie, was omdat hulle ongehoorsaam was aan die Here deur nie al die heidene uit die land te verdryf soos die Here gesê het nie. En daardie oorblywende volke was 'n teistering vir Israel vir baie jare.

Ons lees in die boek Rigters hoe die Here sy volk keer op keer met hierdie heidene getugtig het wanneer Israel gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here. Israel se sonde en opstand teen die Here het telkens hulle lewens onrustig gemaak, want dan het die heidene oor hulle geheers. Maar selfs nadat die Here deur Dawid al die vyande van Israel onderwerp het en die grondgebied van Israel so wyd en ver gestrek het as wat die Here belowe het, praat die Here weer deur Dawid in Psalm 95 van 'n ander dag waarop hulle in die rus van die Here sal ingaan. Dus was Kanaän en die oorwinning oor die heidense volke nog nie die rus wat die Here aan sy volk wou gee nie. Kanaän en die onderwerping van die heidene was nog maar net 'n skaduwee van die eintlike rus wat die Here belowe.

As 'n mens rustig daarvoor nadink, wat het nog nie in en aan Israel verander nadat hulle in Kanaän gekom het en die heidene onderwerp het nie? Hulle eie sondige geaardheid het nog nie verander nie. Al die offers wat hulle gebring het, het hulle nog net uiterlik gereinig en aanvaarbaar vir die Here gemaak, het ons vanoggend gehoor. Daarom bely ons dat dit die sonde is wat ons onrus gee. As ons werklik die rus wil beleef wat die Here aan ons beloof, **moet ons elke dag van ons lewe van ons bouse werke rus.**

Hoe gaan ons dit regkry om van ons bouse werke te rus, of ten minste begin om daarvan te rus? Deur die Here na te volg in wat Hy self doen. Omdat Hy in ses dae die hemel en die aarde en alles daarin geskep het en op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geheilig. Hy wil dat sy mense Hom sal volg om dan ook van hulle gewone werk te rus en op 'n ander manier besig sal wees. Die Here het Hom op die sewende dag in sy werk verlustig wat Hy geskep het. Die skepsel van die Here moet homself in die Here verlustig wat hom geskep het.

Aangesien daar tussen ons en die Here so 'n groot afstand is weens ons sondige geaardheid, is die enigste manier waarop ons onself in die Here kan verlustig deur sy Woord en Gees. Watter groot genade skenk die Here ons dan nie met sy Woord nie. En nou sonder Hy ook nog die een dag in die week vir ons af waarop ons kan stil raak van al die daaglikse gewoel en gewerskaf sodat ons, deur middel van die Woord en die Gees se werk in ons, ons in die Here kan verlustig. Wanneer die Heilige Gees ons gedagtes en hart op die Here Jesus rig, skuif ons die daaglikse dinge waarin daar soveel verleidings is weg. Ons leer onself ken in die lig van God se heiligheid. Ons hoor dat Jesus ons Hoëpriester is wat Homself juis ter wille van ons sondes geoffer het. En deur die kragtige werk van die Heilige Gees kry ons dit reg om die sondes en ons sondige natuur wat die oorsaak van ons onrus is, af te sterf. So begin ons op die Sondag aan die voete van Jesus deel kry aan die rus wat God belowe – rus wat net Jesus Christus self kan gee, want net sy bloed kan ons gewete reinig.

Sondae wanneer ons saam met die gemeente kom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee, is dus maar nog net die begin van deel kry aan die rus wat Christus vir ons verseker. Ons kan egter nie net Sondag Christene bly nie. Wat die Here op die Sondag met ons begin het, moet ons deur die krag van die Heilige Gees in die week gaan uitleef. Vanuit die Woordverkondiging op Sondag en vanuit ons daaglikse Bybel lees werk die Here deur sy Gees in onssodat ons self elke dag van ons bose werk kan rus. Hierdie belydenis sluit nou aan by ons daaglikse bekering waarmee ons doelbewus besig moet wees elke dag.

Ons weet dat ons nie in hierdie lewe heeltemal ons sondige geaardheid sal doodkry nie. Daarom sal ons nie in hierdie lewe geheel en al kan ophou met ons bose werke nie. Maar dit laat ons nie moed opgee nie. Die feit dat die Here ons die ewige sabbatsrus op grond van Christus se verlossingswerk belowe, begeer ons die werk van die Gees in ons sodat ons meer en meer kan rus van ons bose werke. Ons weet immers dat die Here se beloftes nie maar leë woorde is nie. Wat Hy belowe is die waarheid. Daarom is ons oortuig dat daar 'n sabbatsrus vir ons as kinders van die Here oor is.

Die dag is beslis aan die kom wanneer Jesus Christus op die wolke van die hemel sal terugkeer en ons finaal sal verlos. Wanneer Hy verskyn, sal ons in 'n oogwink verander word en ons sal finaal van ons sondige natuur ook verlos wees sodat ons saam met Hom en die Vader die ewige sabbat mag geniet waarin ons God sonder enige hindernis ewig kan loof en prys en ons onself ten volle in Hom kan verlustig. Dan sal ons waarlik rus van al die stryd teen die sondige begeertes, want ons sal nie meer sondige begeertes hê nie. Ons sal geen vyand meer hê wat in staat is om ons gedagtes van die Here af weg te trek nie.

Geliefdes, ons is dus vanaand in die erediens en ons het vanoggend nagmaal gevier omdat ons glo dat daar in Christus vir ons waarlik rus is. Ons het met ons aansit aan die tafel bely dat ons in hierdie rus wat Christus vir ons bewerk het wil voortlewe. Ons het die opregte begeerte uitgespreek dat ons met ons hele lewe dank aan God wil bewys, opreg voor Hom wil wandel en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste wil lewe. Ons wil ons oefen in die sabbatsrus sodat ons God ongehinderd kan bly dien. Ons wil hê dat ons lewe die geur versprei van die sabbatsrus wat Christus bewerk het.

Die waarheid van ons geloof en die waarheid van ons belydenis en die waarheid van ons begeerte sal alleenlik bewys word as eg wanneer ons onophoudelik onself beywer om in die rus van God in te gaan. Ons kan die egtheid van ons geloof, belydenis en begeerte alleenlik bewys wanneer ons ywerig is om op Sondae met die gemeente saam te kom,

wanneer ons dag na dag nog meer van ons sondige natuur afsterf. Maar wanneer ek Sondae vir vrye tyd wil gebruik en wanneer Bybel lees vir my 'n las is, begin ek die Gees van die Here weerstaan om in my te werk. En wanneer sulke optrede mettertyd 'n lewensstyl by my word, plaas ek self 'n vraagteken oor my geloof in God se belofte, oor my belydenis en begeerte.

Daarom vermaan die Heilige Gees vir my en elkeen van ons:

Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie. (Hebreërs 4:11 AFR53)

Of ons regtig die Here en sy beloftes glo, is nie iets wat ons net elke drie maande tydens nagmaal openbaar of net Sondae wanneer ons in die erediens is nie. Ons openbaar ons geloof in die Here en in sy beloftes wanneer ons doelbewus elke dag van ons bouse werke rus en ywerig is dat die Heilige Gees met die Woord in ons werk en ons verander na die beeld van Christus. Deur bloot net dit al te doen, is ons die getuies van die Here teenoor ander mense en kan hulle agterkom dat dit tog die moeite werd is om na die Here te luister. Dit is so 'n gehoorsame lewe waarmee die Heilige Gees ander mense nou al kan oortuig dat God werklik die enigste lewende God is. Ons sê nie net dat ons in die Here glo nie, ons leef ons geloof in Hom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:5, 6 (p. 425)

- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 November 2014**